GKSA NUUSBROKKIES

Sondag 25 April 2021

LIEF EN LEED

Beterskapwense

Ons bid vir almal wat operasies ondergaan het of tuis aansterk of nog vir ‘n operasie in die komende week moet gaan Gods seën op ‘n spoedige herstel toe.

Hartlike gelukwense aan die volgende predikante/professore en eggenotes met hul verjaardae

29 April Ds BA van der Walt (Banie) – GK Paarl
Mev W Lee (Willemien), eggenote van ds JL Lee (Jan-Louis) – GK Brits
30 April Ds JJ de Bruyn (Johannes) – GK George

Hartlike gelukwense aan die volgende emeriti met hul verjaardae

24 April Mev MC Opperman (Rina), eggenote van dr WC Opperman (Callie) – GK Windhoek-Suid
Mev I Vogel (Isabel), weduwee van ds W Vogel (Willem) – GK Cachet
26 April Mev CJ Schutte (Liana), eggenote van ds HG Schutte (Garrie) – GK Suidkus
28 April Mev AE Snyman (Lida), weduwee van ds Ph Snyman (Flip) – GK Reddersburg
30 April Ds JC Buys (Baas) – GK Johannesburg-Suid
Mev JFH van der Walt (Johannatjie), eggenote van dr F van der Walt (Frans) – GK Bellville-Oos

Hartlike gelukwense aan die volgende teologiese student met sy verjaardag

28 April Mdudzi Mahlangu

Hartlike gelukwense aan die volgende personeel van die Administratiewe Buro met hul verjaardae

25 April Mev Ami du Toit
27 April Me Angie Mokobi

Gods ryke seën word u toegewens vir die nuwe lewensjaar *(Ps 16:5, 6)*

Hartlike gelukwense aan ds Werner en Engela Brotherton van GK Vryheid met die geboorte van hul dogtertjie.

Hartlike gelukwense aan dr Jan Visser, emerituspredikant van GK Brakpan, met die geboorte van sy eerste agterkleinkind, ‘n dogtertjie.

Hartlike gelukwense aan teologiese student Xolisa en Bontle Matrose wat in die huwelik bevestig is.

DOODSBERIG



Mev Wilna du Plessis, weduwee van ds RJP du Plessis (Roelf) van GK Gobabis, is op 20 April 2021 oorlede.

KERKLIKE ADMINISTRASIE

Beroepe aanvaar

- Proponent P Hattingh na GK Bloemhof/Christiana-kombinasie.
- Ds PJ Hattingh (Peter) van GK Okahandja na GK Vanderbijllpark Trinitas

EMERITERINGS

Ds CJ Malan (Neels) se aansoek om te emeriteer weens ouderdom is deur GK Bethulie bewillig en is deur Klassis Suid-Vrystaat met advies van KO, art 49 Deputate vanweë Streeksinode Vrystaat en KwaZulu Natal goedgekeur.

Ds Malan het reeds in Desember 2020 sy afskeidspreek gelewer.

Ds Dirk van't Zand emerituspredikant van GK Witpoortjie, het op Sondag 18 April 2021 sy afskeidspreek gelewer.

Bekendstelling van Die Kerkblad

In opvolging van die onlangse skrywe van die Redaksie van *Die Kerkblad* rakende die situasie van ons blad, neem ons die vrymoedigheid om aan u die aangehegde "Bekendstelling" te stuur, wat u moontlik met vrug kan gebruik om *Die Kerkblad* nog beter in u gemeente bekend te stel en te bemark.

Soos ons in ons vorige skrywe gemeld het, ontvang ons steeds graag die naam van 'n skakelpersoon/bemarker in u gemeente, met wie ons op 'n gereelde basis kan skakel. Stuur asseblief ook die lidmaat se kontakbesonderhede saam.

Verder noem ons graag dat ons oor 'n aantal kopieë van vorige uitgawes beskik, wat ons aan u kan stuur met die oog op bekendstelling aan lidmate wat nie ingeteken is nie. Laat weet asseblief as ons vir u kopieë moet stuur en ook die aantal wat u benodig.

Nogmaals dankie dat ons ook weer kan vra vir u voortdurende voor-bidding vir *Die Kerkblad* en ons ander tydskrifte.

Ons bid u as gemeente die ryke seën van ons troue Verbondsgod toe.

Hartlike groete in Christus,

Prof Callie Coetzee (Redakteur)

INBETALING VAN DONASIES VIR DIE KERKBLAD

Bank Absa
Takkode 632 005
Rekeningnaam Administratiewe Buro GKSA
Rekeningnommer 670 140 040
Verwysing 0529/003

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Leer my u pad, Here,
ek wil wandel in u waarheid;
leer my U met toewyding dien.
Psalm 86:11